

I.S. HENDRIK VERWOERD-TOEKENNING

Eerste Toekenning: Dr. M.S. Louw, Banketsaal, Provinsiale Gebou, Pretoria, 27 November 1965, 8 nm.

(Deur Prof. H.B. Thom, voorsitter van die verrigtinge en onder-voorsitter van die H.F. Verwoerd-Trust.)

- I Verwelkom gaste. *Eerste Min. en meer v. Ander lede v. Kab. Ambassadeurs e.a. lede v. Dipl.-K. Sakeryanne. Med.-Trustees v. H.F.V.-Fonds. Verel: Dr. M.S. Louw. Dawes.*
- II Verduideliking in verband met die toekenning. *Agantons: Land P. S. Modeld...; de... - Univ. Principal*

Ons sal ons herinner hoe ons op 9 April 1960 met skrik en ontsteltenis die nuus gehoor het van die wrede aanslag op die lewe van dr. Verwoerd. Dit was die eerste aanslag op die lewe van 'n Suid-Afrikaanse Eerste Minister; dit was iets totaal vreemd aan die tradisies van ons land en ons mense.

Dr. Verwoerd was baie ernstig verwond. Maar toe hy na 'n lang tyd op wonderbaarlike wyse herstel het, is allerweë gevoel dat iets geskep moes word wat as 'n gepaste getuie-nis van dankbaarheid sou dien.

Die uitkoms van lang samesprekinge in hierdie verband was die stigting van die H.F. Verwoerd-Trust, 'n organisasie wat oor 'n fonds sou beskik waaruit van tyd tot tyd die Hendrik Verwoerd-Toekenning gemaak sou word, en wel aan manne of vroue wat hulle op besondere wyse beywer het en buitengewone diens van nasionale betekenis vir Suid-Afrika gelewer het. Verskillende persone en instansies - by name die F.A.K. - het vervolgens met die insameling van bydraes gehelp, en daar kon aldus 'n fonds byeengebring word waaruit nou reeds 'n kosbare goue erepenning en 'n waardige geldelike toekenning gemaak kan word.

In Suid-Afrika het ons wel verskillende vorme van erkenning van verdienstelike werk, maar ons is nietemin arm aan toekenninge wat werklik op 'n nasionale peil staan. Ons het nog niks wat bv. met die Nobel-Prys vergelykbaar is nie.

Die belangrikheid van die Hendrik Verwoerd-Toekenning lê daarin dat dit in werklikheid ons Suid-Afrikaanse Nobel-Prys is. Dit roep in herinnering 'n aangrypende gebeure in ons midde; dit spreek van dankbaarheid uit die diepte van ons harte; dit is geskep met fondse deur Afrikaanssprekende

en Engelssprekende Suid-Afrikaners vrywilliglik bygedra; dit dien tot bekroning van die arbeid van mense wat hulle vir die blywende welsyn van Suid-Afrikaafgesloof het. Dit is in elke sin van die woord eg Afrikaans.

Ons ag ons gelukkig dat hierdie besondere bekroning op hierdie besondere wyse met die naam van ons Eerste Minister verbonde staan. Dit beteken geen persoonlike verheerliking van ons Eerste Minister nie; en hy sou inderdaad self die laaste gewees het om dit só te wil hê. Maar ons weet dat die naam van dr. Verwoerd onlosmaaklik verbonde is - en verbonde sal bly - met die opkoms van die nuwe Suid-Afrika. Daarom weet ons ook dat die naam wat hierdie toekenning dra, vir die ontvanger 'n treffende blyk van waardering sal wees, en tewens vir die hele Suid-Afrika 'n blywende bron van be-sieling.

- III Stel mnr. F.H. Odendaal, Administrateur van Transvaal en Voorsitter van die H.F. Verwoerd-Trust, aan die woord om die toekenning aan dr. Louw te maak.
- IV Vra dr. Louw om te antwoord.
- V Afsluiting.

-----oo00oo-----